# Volksang en die Volkskool

*Deur O. van Oostrum*

As 'n voortsetting van my beskouing oor bostaande onderwerp, wil ek my wend tot die onderwysers onder die lesers van *Die Huisgenoot*. Ek het gesê dat verbetering in die betreurenswaardige toestand moet begin by pogings van die onderwysers om nog deur eie oefening aan te vul waaraan hul opleiding deur gebrekkige sangonderwys te kort geskiet het. As hulle dan op dié manier ver genoeg studeer het om in hul skole regtig sang*onderwys* te kan gee, sal daar uit die Laerskole na die Hoërskole en daarvandaan na die Normaalinrigtings studente kan kom wat sangvaardige onderwysers sal word. As 'n onderwyser genoeg voel vir die belangrikheid van die volksang, sal hy die bedoelde oefeninge aanpak in die oortuiging dat hy op dié wyse meer vir die Afrikaanse kultuur doen as deur dosyne mooi redevoerings te lewer; ten minste as hy dit met my eens is dat die kultuur van 'n volk bestaan in sy geestelike en sedelike hoedanigheid saam met sy intellektuele en materiële prestasies.

In my vorige artikel het ek te kenne gegee dat die skool die leerlinge in staat behoort te stel om 'n eenvoudige sangwysie van die note af te sing. Dit lyk vir iemand wat nie die note ken nie, onuitvoerbaar, want vir hom staan die noteskrif gelyk met Egiptiese hiërogliewe. Maar die swarighede wat daaraan verbonde is, kan maklik oorwen word deur die ou onderwyskundige reël van „splitsing van die moeilikhede", wat tog ook by alle ander onderwys toegepas word.

In die sg. balkskrif (stafnotasie) wat vir alle instrumentale musiek gebruik word, is die vernaamste moeilikheid vir 'n leerling *in sang* geleë in die name *c, d, e*, ens. van die note. Hierdie beswaar word weggeruim deur die gebruik van die name *do, re, mi*, ens. Maar dan staan ons voor 'n ander moeilikheid, nl. dat vir verskillende sangstukke die grondtoon *do* op verskillende plekke op die notebalk staan — iets wat die lees vir beginners baie moeilik maak. Daarom gebruik baie onderwysers 'n ander stelsel om die tone wat voortgebring moet word aan te dui. Daar is twee sulke stelsels. Die een, van Engelse oorsprong, is uitgevind deur sekere mej. Glover van Norwich en gepubliseer deur Curwen. Dit staan bekend onder die naam van die *Tonic-solfa*-metode. Die ander kom uit Frankryk. Dis uitgevind deur die beroemde J. J. Rousseau en na 'n paar vereenvoudigings gepubliseer deur Chevé. Daarvandaan die naam Chevé-metode. 'n Ander naam is die syfernotasie. Van die twee is dié van Chevé verreweg die gemaklikste in die gebruik, veral in die skrywe van 'n sangstuk wat gedikteer word. Altwee metodes is bedoel net vir sang en behoort te dien as inleiding tot die gebruik van die notebalk. In die praktyk word egter dikwels hierdie bedoeling oor die hoof gesien, sodat die leerlinge ten slotte wel iets kan sing wat in hierdie skrif gedruk is, maar onbekend bly met die balkskrif, wat tog meestal in sangboeke gebruik word. Daarom moet altwee die genoemde metodes gereeld in verband met die balkskrif toegepas word, *en elke oefening wat in een van die twee voorbereidende skryfwyses gedoen is, moet in balkskrif herhaal word.*

Hierby ontstaan dan die vraag: op watter plek op die notebalk die *do* vir beginners geplaas moet word. Die antwoord is: op die onderste lyn. Dan egter kom daar sangwysies voor waar die note ver onderkant die onderste lyn op hulplyntjies te staan kom. Daarom het ons praktiese voorouers die *do* vir sulke wysies op die middelste lyn geplaas, die plek waar vir instrumentale musiek die noot *b* staan. Die twee skryfwyse word onderskei met die name *b*-mol en *b*-dur (*mol* is wat in Engels *flat* genoem word.) In Hollandse psalm- en gesangboekies staan op die bladsy net voor Ps. 1 'n paar reëls note met die opskrif: *Muziekonderwys*. Daarin staan dan die note van albei skryfwyse met hul oorspronklike name *ut, re, mi, fa, sol, la, ci, ut*. 'n Gebruiker van die boek kan dan maar homself oefen om die tone van 'n psalmwys te vind. Dis vir mense uit die groot publiek regtig jammer dat die Afrikaanse psalmbundel uitgegee is met die *do* vir elke ander psalm weer op 'n ander plek, al na die kruise of molle wat die voortekening uitmaak. Ons kerkoutoriteite sou ons volk 'n weldaad bewys het as hulle die eenvoud van ons voorouers se skryfwyse behou het. Maar hulle het minder aan die gemak van die singende mense gedink as aan die pianospeler, vir wie hul skryfwyse 'n aanduiding gee van die klawers wat hy moet aanslaan. (En waarom spel hulle op Engelse manier *doh*, i.p.v. op Afrikaanse manier *do*?) Hoe eenvoudiger die lees van die note vir ongeleerde sangers gemaak word, hoe beter. Die saamstellers van die Afrikaanse psalmboek het dit vir hulle so swaar moontlik gemaak.

Om op die onderwys terug te kom: Kinders moet van stap tot stap, van die doodgemaklike amper ongemerk tot die moeiliker sang gelei word. En die einddoel moet wees om hulle soveel notekennis mee te deel dat hulle in staat is om sonder hulp van stem of piano self 'n eenvoudige wysie reg te kry. Wat hulle moet leer, is in hoofsaak twee dinge: om die vereiste tone te tref (uit *do* vandaan) en die tydverdeling of sangmaat. Hierby kom dan in die hoër standerds die gevoelsuitdrukking deur sterk of sag te sing. Ook omvat die sangonderwys oefening in korrekte asemhaling, want beginners is altyd geneig om te veel asem te gebruik. Die beste manier is om die kinders te laat wedywer wie 'n sekere toon die langste kan aanhou of om 'n bekende sangpassasie in een asem sonder onderbreking te leer sing.

## ONTWAKING

*Bedwelmend vou geluk my om*
*in hierdie vroeë môre-uur.*
*Jou goue hare is nog deurmekaar gewoel,*
*jou asem gaan so saggies op en neer.*
*Ek wil nie roer, want soos jy daar*
*lê nes 'n kind,*
*lyk jy onskuldig, asof nooit*
*die lewe nog by jou gekom het nie.*

C.

Die tref van die regte tone is in die begin die hoofsaak. Dit kan gebeur direk van die notebalk af of met behulp van een van die twee reeds genoemde inleidende notasies. Persoonlik het ek die beste resultate gekry met die syfernotasie, veral omdat hierdie skryfwyse so gemaklik is om die kinders tone wat jy vir hulle voorsing, te laat opskryf. Ander onderwysers sal miskien met 'n ander metode ook goeie resultate bereik. *In elk geval moet alles wat op een van die twee maniere geleer is, gebruik word om van die notebalk te leer sing.* Prof. Bon, wat nou besig is om vir die Transvaalse Departement van Onderwys 'n leergang vir die sangonderwys op te stel, deel my mee dat hy dit gaan baseer direk op die notebalk, sonder die hulp van *tonic-solfa* of syfernotasie. Die welslae van die onderwys hang, meer nog as van die notasie, van die volgorde af waarin die oefeninge van maklik na swaarder opklim.

In algemene trekke kan dit as volg gestel word. In die Grade (Sub-Stds.) leer die kinders liedjies op gehoor, liefs deur voorsing van die onderwyser, of as daarby 'n instrument gebruik word, *dan by voorkeur die viool*. In Std. I begin, saam met die sing van liedjies, oefeninge in toontref. Die plan van die Chevé-metode is hierby aan te beveel, nl. om eers die onderste helfte van die toonskaal te oefen, van *do* tot *so*, op en af, maar sonder spronge. Daarna die boonste helfte, van *so* tot hoë *do*, en later die hele skaal, nog steeds sonder spronge. Om eentonigheid te vermy moet daar afwisseling wees. Vereers kan die hoogte van die tone voorgestel word deur 'n regopstaande lyn waarop dwarsstrepies geteken staan. Die onderwyser sing die note soos 'n liedjie voor terwyl hy met 'n stok die hoogte van die tone op daardie „leertjie" aanwys en die kinders dit laat nasing. As die kinders daardie do-re-mi-fa-so-liedjie eenmaal ken, *mag die onderwyser self nie meer saamsing nie;* die kinders moet nou sonder sy hulp klaarkom. Tussen elke toon en die volgende moet 'n klein tydruimte gelaat word, sodat die kinders die volgende eers in gedagte kan regmaak voordat hulle dit in werklikheid sing. Elke toon moet dus op homself staan. As die kleintjies dit gesamentlik kan doen, moet hulle, nes by die leesonderwys, *elkeen afsonderlik* sing wat die onderwyser aanwys. Dieselfde oefeninge word dan gedoen op 'n notebalk, sê van drie lyne, *do* op die onderste lyn, *re* tussen die onderste en die tweede lyn, ens. Verder kan 'n stelsel van drie lyne taamlik ver van mekaar af op die bord geteken word, waarop die onderwyser, sonder om die note te skryf, met sy stok aanwys watter tone gesing moet word. Ook kan hy die drie laaste vingers van sy regterhand daarvoor gebruik. So kry die kleintjies afwisseling, terwyl dit tog altyd dieselfde oefening is.

Na 'n maand of drie doen die onderwyser dieselfde oefeninge in die boonste helfte van die toonskaal, dus van *so* tot hoë *do*. Daartoe gebruik hy eers weer 'n leertjie en daarna die drie boonste lyne van die notebalk. Na weer 'n maand of drie word die twee dele aanmekaar gelas en oefeninge op dieselfde manier gedoen. As die kinders voor die end van die jaar in staat is om van onder na bo en van bo na onder sonder spronge tot enige verlangde noot op of af te klim en weer terug, moet die onderwyser daarmee tevrede wees. „Haastige spoed is selden goed." Dis ook nie aan te raai om die hele halfuur van die les net aan hierdie oefeninge te bestee nie; na elke kwartier of twintig minute se oefening moet liedjies gesing word wat die kinders op gehoor geleer het.

In Std. II word spronge geleer, nl. die tone van die hoofakkoord *do-mi-so-do*. Die kinders moet *do* sing, daarna net in hul gedagte *re*, dan *mi* met die stem, *fa* in gedagte, *so* met die stem, ens. Daar moet voldoende tyd gelaat word om die note wat oorgeslaan word in gedagte te sing. Die akkoord word geleer van onder na bo en van bo na onder. Die tussentyd word elke keer verkort, totdat die leerlinge in staat is om die tone direk na mekaar te tref. Nou word met hierdie tone eenvoudige wysies gemaak, op twee stemme. Tweestemmige oefeninge is maklik genoeg, en deur die hoor van twee tone tegelyk kry die leerlinge 'n indruk van die betreklike aard van die toontrappe. Die wysies word in die twee- of drieslagmaat saamgestel. Ook kan die onderwyser eenvoudige rympies maak, liefs van 'n grappige aard, wat by die wysies pas. Eers word die wysie op die note en in die maat geleer; dan word die rympie geleer en op die maat van die wysie opgesê en eindelik gesing. Daar moet voor gesorg word dat die note nie korter is as een slag nie. Langer mag hulle wel wees, en in daardie geval word hulle eers gesing met 'n klein nadrukkie op elke slag, sodat 'n *do* van twee slae gesing word as *do-o*, van drie slae as *do-o-o*, ens.

In die volgende standerd neem ons dieselfde akkoord afgewissel met die tussentone, byv. *do-mi-so-fa-mi-re-do*, ens. Verder word agtereenvolgens op dieselfde manier die tone van die akkoorde *so-ti-re-so, fa-la-do-fa, so-ti-re-fa*, ens. geleer en weer in wysies gebruik, tweestemmig. Later word hierdie akkoorde ook weer met tussentone afgewissel. Die tydmaat word uitgebrei met twee note op een slag. Dis nie nodig om hier 'n hele leerplan te gee nie; 'n onderwyser sal seker die pad verder self vind. In 'n slotartikel hoop ek nog 'n paar punte te bespreek, ook met betrekking tot selfstudie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012